

DE BUSSY SE  
AFRIKAANSE SPRAAKKUNS

DEUR

O. VAN OOSTRUM, o.l.,

OULD-DOSENT IN AFRIKAANS, NEDERLANDS EN METODIEK VAN  
ONDERWYS A/D NORMAALSKOOL, PRETORIA

MET MEDEWERKING VAN

Dr. M. S. B. KRITZINGER,

LEKTOR IN AFRIKAANS EN NEDERLANDS A/D TRANSVAALSE  
UNIWEBSITEITS-KOLLEGE, PRETORIA

---

DERDE DRUK

---

## VOORBERIG.

---

In die boekie wat ons hierby aan hoërskole en aan studerende onderwysers aanbied, het ons gestrewe na beknoptheid aan die een kant en volledigheid aan die ander kant; maar daarby het ons probeer om die grammatiese begrippe so helder moontlik uiteen te sit en so duidelik moontlik te definieer. Ons het dit gedoen onder protes teen sekere gangbare terme, wat uit Latyn in die grammatikas van alle moderne tale ingedring het sonder om eintlik vir laasgenoemde geskik te wees. Terwille van die bekende konserwatisme in ons skoolwese het ons die meeste van daardie terme gehandhaaf, maar tog het ons in sekere gevalle die meer moderne terme oorgeneem, wat sedert 'n halwe eeu in die Nederlandse spraakkuns gebruiklik is, soos b.v. „belanghebbende”, i.p.v. „indirekte” voorwerp; „voltooide” en „onvoltooide” i.p.v. „volmaakte” en „onvolmaakte” tye, ens., en ook 'n paar nuwe terme, wat ons nodig en nuttig beskou, ingevoer.

Eintlik is dit nou, terwyl Afrikaans nog maar net in die skole ingevoer is, die geskikte tyd om die spraakkuns, d.i. die teorie van die taal, heeltemal na die behoeftes van Afrikaans in te rig sonder die knellende band van 'n terminologie, wat bedoel was vir die ou tale, maar wat op 'n moderne taal, en veral op die sterk gedeflekteerde Afrikaans, nie meer pas nie. In hierdie opsig verwys ons o.a. na §§ 140, 145 en 167, wat beskou moet word as 'n voorstel in dié rigting. As 'n mens reken, dat spraakkuns nie 'n doel op sigself is nie, maar 'n middel om 'n taal beter te verstaan en met bewustheid reg te gebruik, dan is dit duidelik, dat die grammatikale terme reeds 'n beskrywing behoort te wees van wat daarmee bedoel word.

Aan die laaste hoofstuk, oor versbou, het ons 'n paar afdelings oor trope en retoriese figure toegevoeg, wat na ons mening vir matrikulante nuttig sal wees. Ons het die onderwerp nie uitgeput nie, maar van die vernaamste daarvan niks weggelaat nie.

Ons sal bly wees om opbouende kritiek te ontvang, waarby ons egter die vryheid neem om die volgende woorde van dr. D. F. Malherbe oor te neem (*Afrikaanse Taalboek*, § 9):

„'n Derde gevaar om teen te waak is *te dogmaties optree by die vasstelling van wat korrekte Afrikaans is*. Laat ons ons skryftaal nie aan bande lê nie en so vaste grense afbaken, waarbuiten geen skrywer mag gaan sonder om hom te besondig aan sekere wette en reëls, wat feilbare mense opgestel het nie. Geen grammatika is volledig en afdoende nie”.

O. VAN OOSTRUM.

PRETORIA, 1923.

M. S. B. KRITZINGER

### BY DIE 2de DRUK.

Dit was vir ons aangenaam om by die verskyning van hierdie boekie die gunstige opienie van deskundiges daaroor in die taalkundige pers te lees. Veral die welwillende beoordeling in „Die Huisgenoot” beskou ons as een van die oorsake waardeur daar al so gou 'n tweede druk nodig is. Ons het die boekie noukeurig deurgegaan, 'n paar drukfoutjies weggeneem, enkele woorde vervang deur ander wat juister ons bedoeling uitdruk, en hier en daar iets bygevoeg waar ons meen dat dit nuttig sou wees.

JAN. 1925.

DIE SKRYWERS.

### BY DIE 3e DRUK.

'n Paar veranderinge in spelling en 'n paar toevog-seltjies tot verduideliking is alles waarin hierdie druk van die vorige verskil.

JUNIE 1929.

DIE SKRYWERS.

# INHOUD.

§ 1—4.	INLEIDING .....	Bls. 1—2
--------	-----------------	----------

## EERSTE HOOFSTUK.

### DIE WOORDSOORTE OF REDEDELE.

§ 5.	Woordsoorte .....	3
§ 6—10.	<b>Selfstandige Naamwoorde</b> .....	3—5
§ 6.	Definiesie .....	3
§ 7.	Konkrete Snw. ....	4
§ 8.	Gemeen en Eie .....	4
§ 9.	Abstrakte Snw. ....	5
§ 10.	Selfde woord konkr. of abstr. ....	5
§ 11—16.	<b>Werkwoorde</b> .....	5—7
§ 11.	Definiesie .....	5
§ 12.	Oorganklik en onoorganklik .....	6
§ 13.	Selfde Ww. oorg. of onoorg. ....	6
§ 14.	Wederkerende Ww. ....	6
§ 15.	Onpersoonlike Ww. ....	7
§ 16.	Koppelwoorde en Hulpww. teenoor Hoofww. ....	7
§ 17—28.	<b>Voornaamwoorde</b> .....	7—12
§ 17.	Definiesie .....	7
§ 18.	Persoonlike Vnw. ....	8
§ 19.	Wederkerende, wederkerige, onpersoonlike Vnw. ....	8
§ 20.	Besitlike Vnw., selfst. en byvgl. ....	9
§ 21.	Verband tussen Pers. en Besitl. Vnw. ....	9
§ 22.	Vraende Vnw. ....	10
§ 23.	Aanwysende Vnw. ....	10
§ 24.	Bepalingaankondigende Vnw. ....	10
§ 25.	Betreklike Vnw. ....	11
§ 26.	Bep.aank.-betrekl. Vnw. ....	11
§ 27.	Antesedent .....	11
§ 28.	Onbepaalde Vnw. ....	12

		Bls.
§ 29—35.	<b>Byvoeglike Woorde</b> .....	12—15
	§ 29. Die begrip „Byvoeglik” .....	12
	§ 30. Lidwoorde .....	13
	§ 31. Bvgl. w. v. hoedanigh. (Bvgl. Nmw.) .....	13
	§ 32. Bvgl. w. v. hoeveelheid (Telwoorde). .....	14
	§ 33. Besitlike Bvgl. w. ....	14
	§ 34. Vraende Bvgl. w. ....	14
	§ 35. Aanwysende Bvgl. w. ....	15
§ 36—43.	<b>Bywoorde</b> .....	15—19
	§ 36. Definiesie .....	15
	§ 37. Bw. van manier (of hoedanigh.) ...	16
	§ 38. Bw. van tyd .....	16
	§ 39. Bw. van plaas .....	16
	§ 40. Bw. van graad .....	16
	§ 41. Bw. van omstandigheid .....	17
	§ 42. Bw. van modaliteit .....	17
	§ 43. Voornaamwoordelike Bw. ....	18
§ 44.	<b>Voorsetsels</b> .....	19
§ 45—48.	<b>Voegwoorde</b> .....	19—21
	§ 45. Definiesie .....	19
	§ 46. Neweskikkende Vgw. ....	20
	§ 47. Bywoordelike Vgw. ....	20
	§ 48. Onderskikkende Vgw. ....	21
§ 49.	<b>Tussenwerpsels</b> .....	21
§ 50.	<b>Tabellariese Oorsig van die Rededele.</b> ...	22—23

## TWEDE HOOFSTUK.

### DIE SIN.

§ 51.	Definiesie van 'n sin .....	24
§ 52.	Soorte sinne volgens inhoud .....	24
§ 53.	Enkelvoudige en samegestelde sin. ....	24
§ 54—79.	<b>Die enkelvoudige sin</b> .....	25—32
§ 54.	<b>Die Onderwerp</b> .....	25
§ 55—59.	<b>Die Gesegde</b> .....	25—26
	§ 55. Gesegde 'n Ww. of 'n Naamw. ....	25
	§ 56. Die Naamwoordelike Ges. ....	25
	§ 57. Die Koppelwoord. ....	26
	§ 58. Die Werkwoordelike Ges. ....	26
	§ 59. Logiese en grammatiese Ond. en Ges. ....	26

	Bls.
§ 60—67. <b>Voorwerpe</b> .....	26—30
§ 60. Definiesie .....	26
§ 61. Die lydende Voorw. ....	27
§ 62. Die belanghebbende Voorw. ....	27
§ 63. Die belh. Vw. met <i>aan</i> of <i>vir</i> ....	28
§ 64. Die belh. Vw. kan nie tot Ond. ge- maak word nie .....	28
§ 65. Die oorsaaklike Voorw. ....	28
§ 66. Die oors. Vw. kan nie tot Ond. ge- maak word nie .....	29
§ 67. Ww. wat 'n oors. Vw. vereis .....	29
§ 68—79. <b>Bepalings</b> .....	30—32
§ 68. Definiesie .....	30
§ 69. Byvoeglike en bywoordelike Bep. ..	30
§ 70. Byvgl. Bepalings. ....	30
§ 71. Eenvoudige Byvgl. Bep. ....	31
§ 72. Apposiesies en Soortbepalings. ....	31
§ 73. Byvgl. uitdrukings .....	31
§ 74. Byvgl. bysinne .....	32
§ 75. Bywoordelike Bepalings. Soorte vol- gens betekenis .....	32
§ 76. Soorte Bwl. Bep. volgens vorming .	32
§ 77. Eenvoudige Bwl. bepalings .....	32
§ 78. Bywoordelike uitdrukings .....	32
§ 79. Bwl. bysinne .....	32
§ 80—85. <b>Die samegestelde sin</b> .....	33—36
§ 80. Newskikkend en Onderskikkend .....	33
§ 81. <b>Newskikkende Samestelling</b> .....	33
§ 82—85. <b>Onderskikkende Samestelling</b> .....	34—36
§ 82. Hoof- en Bysinne .....	34
§ 83. Selfstandige bysinne .....	34
§ 84. Byvoeglike bysinne .....	35
§ 85. Bywoordelike bysinne .....	35
§ 86—89. <b>Onvolledige sinne</b> .....	36—38
§ 86. Definiesie .....	36
§ 87. Samegetrokke sinne .....	36
§ 88. Beknopte sinne .....	37
§ 89. Elliptiese sinne .....	38
§ 90—100. <b>Die Woordskikking</b> .....	38—45

	Bls.
§ 90. Woordskikking .....	38
§ 91. Algemene reëls .....	38
§ 92. Woordsk. van die bevestig. hoofsin	39
§ 93. " " " vraende of wensende sin .....	40
§ 94. Woordsk. van die bysin. Direkte en indirekte rede .....	40
§ 95. Ontkenningswoorde .....	41
§ 96. Dubbele ontkenning .....	42
§ 97. Weglating van die tweede ontkenning	42
§ 98. Ontkenning van die Gebiedende sin.	44
§ 99. Omgesette Woordskikking .....	44
§ 100. Omsetting van hoofsin met bysinne.	45
§ 101. <b>Tabellariëse oorsig oor die sin</b> .....	45—47
SINSONTLEDING.	
§ 102—107. <b>Ontleding van die enkelv. sin</b> .....	47—49
§ 102. Volledige Ond. en Ges. ....	47
§ 103. Volledige Ond. en Ges. v. 'n samegest. sin .....	47
§ 104. Hoofwoorde v. Ond., Ges. en Voorw.	47
§ 105. Uitsketsing van 'n sin .....	48
§ 106. Ontleding in beskrywende vorm ..	48
§ 107. Ontleding in tabelvorm .....	49
§ 108—118. <b>Ontleding van die samegest. sin</b> .....	49—56
§ 108. Ontleding in sinne. ....	49
§ 109. Benoeming van die bysinne .....	50
§ 110. Sinne met Selfst. bysinne .....	50
§ 111. Voorlopige Ond. en Nwl. Gesegde.	51
§ 112. Ontleding v. d. Byvgl. bysin .....	52
§ 113. " " " Bwl. " .....	52
§ 114. Bysinne met <i>toe, wanneer, waar</i> ...	52
§ 115. Uitsketsing van 'n samegest. sin ..	53
§ 116. Newegesk. samestelling met ondergesk. dele .....	54
§ 117. Ontl. v. die samegest. sin in tabelvorm	54
§ 118. Bysinne van die 2de, 3e graad, ens.	56

## DERDE HOOFSTUK.

## WOORDBUIGING.

§ 119. Die begrip „buiging” .....	57
-----------------------------------	----

	Bls.
§ 120—156. VERBUIGING .....	57—79
§ 120—144. <b>Verbuiging van die Selfst. Naamw.</b> ....	57—72
§ 120. Oorsake van verbuiging van Snw..	57
<b>a. Geslag</b>	
§ 121. Woordgeslag .....	57
§ 122. Invloed van die geslag op die woorde	58
§ 123. Vormingv. vroulik deur agtervoegsels	58
§ 124. Agtervoegsels vir ml. en vrl. apart.	59
§ 125. Toevoeging v. „mannelike” en „wyflike”	59
§ 126. Ml. en vrl. deur aparte woorde ...	59
§ 127. Gemeensl. Snw. op <i>—ling</i> en <i>—genoot</i>	60
<b>b. Getal</b>	
§ 128. Algemene reëls vir die meervoud .	60
§ 129. Uitsonderings .....	61
§ 130. Besonderhede omtrent meerv. op <i>—e</i>	61
§ 131.         ”         ”         ”         ” <i>—s</i>	63
§ 132. Meerv. op <i>—ers</i> of <i>—ere</i> .....	64
§ 133. Onreëlmatige meervoude .....	65
§ 134. Geleende meervoude .....	65
§ 135, § 136. Snw. met meer as een meerv.	66
§ 137. Meerv. gelyk aan enkelv. ....	68
§ 138. Snw. sonder enkelvoud .....	68
§ 139. Snw. sonder meervoud .....	68
<b>c. Vorm (of naamval)</b>	
§ 140. Wat is naamval?.....	69
§ 141. Die noemvorm .....	70
§ 142, § 143. Die besitvorm .....	70
§ 144. Ou Nederl. 2e en 3e naamvalle ...	71
§ 145—149. <b>Verbuiging van die Voornaamwoorde.</b> 72—75	
§ 145. Pers. Vnw. ( <i>gestl.</i> , <i>get.</i> en <i>vorm</i> ) ...	72
§ 146. Besitl. Vnw. ( <i>gestl.</i> , <i>get.</i> en <i>vorm</i> ) ..	73
§ 147. Vraende Vnw.....	74
§ 148. Betrekl. Vnw.....	75
§ 149. Die orige Vnw.....	75
§ 150—156. <b>Verbuiging van die Byvgl. woorde.</b> ... 75—79	
§ 150. Attributief en predikatief .....	75
§ 151. Die buigings- <i>e</i> .....	76
§ 152. Bvgl. woorde van een lettergreep .	76
§ 153. Bvgl. woorde v. twee of meer lettergr.	77

	Bls.
§ 154. Besonderhede .....	78
§ 155. Uitsluitend predikatiewe Bvgl. Nw..	79
§ 156. „ „ attributiewe „ „ ...	79
§ 157—200. VERVOEGING .....	79—107
§ 157. Oorsake van vervoeging .....	79
§ 158. Hulpwerkwoorde .....	80
§ 159—173. <b>a. Wys</b> .....	80—90
§ 159. Wat wys of modaliteit is .....	80
§ 160. Byw. v. wys .....	80
§ 161. Hulpww. van wys .....	81
§ 162. Wyse deur vormverandering van die Ww. self .....	81
§ 163. Die Aantonende Wys .....	81
§ 164. Die Wensende Wys .....	82
§ 165. Die Voorwaardelike Wys .....	82
§ 166. Die Gebiedende Wys .....	83
§ 167. Opmerking oor Wyse .....	84
§ 168. Die Onbepaalde Wys of Infinitief ..	85
§ 169. Gebruik van die Infinitief .....	85
§ 170. Infinitief met <i>te</i> of <i>om te</i> .....	86
§ 171. Attraksie .....	87
§ 172. Infinitief met <i>en</i> daarvoor .....	88
§ 173. Infinitief met die uitgang <i>—e</i> ....	88
§ 174—181. <b>Deelwoorde</b> .....	90—95
§ 174. Definiesie .....	90
§ 175. Die onvoltooide deelwoord .....	90
§ 176. Die voltooide deelwoord .....	92
§ 177. Gebruik van die volt. deelw. ....	92
§ 178. Die volt. deelw. sonder <i>ge</i> — .....	92
§ 179. Die volt. deelw. met of sonder <i>—d</i> <i>agteraan</i> .....	93
§ 180. Verboë vorme van die volt. deelw.	93
§ 181. Die sterk volt. deelw. ....	94
§ 182—194. <b>b. Tyd</b> .....	96—103
§ 182. Die tydsbegrip by die Werkwoorde.	96
§ 183. Die Teenwoordige Tyd .....	97
§ 184. Die Verlede Tyd .....	97
§ 185. Besonder verl. tydvorme .....	97
§ 186. Die Voorverlede Tyd .....	98

	Bls.
§ 187. Die Toekomende Tyd .....	98
§ 188. Die Verlede Toek. Tyd .....	99
§ 189. Tye van die Wensende Wys .....	100
§ 190. „ „ „ Voorwaardelike Wys. ....	100
§ 191. „ „ „ Gebiedende Wys .....	101
§ 192. „ „ „ Infinitief .....	101
§ 193. Voltooid en onvoltooid.....	101
§ 194. Verwisseling van tydvorme .....	103
§ 195. <b>c. Vorm</b> (bedrywend en lydend) .....	103
§ 196. Onreëlmatige en gebrekkige Ww. ....	104
§ 197. Vervoeging van samegestelde Ww. ....	106
§ 198—200. Skeibare en onskeibare Ww.....	106—107
§ 201—211. VERGELYKING .....	107—111
§ 201. Rededele wat vergelykingsvorme het	107
§ 202. Die drie trappe .....	108
§ 203. Vorming van die trappe .....	108
§ 204. As en <i>dan</i> .....	108
§ 205. Besonder reëls vir <i>—er</i> .....	109
§ 206. Onreëlmatige trappe v. vergelyking	109
§ 207. Ontbrekende trappe v. vergelyking	109
§ 208. Die oortreffende tr. as byw. v. graad	110
§ 209. Gebruik van <i>meer</i> en <i>mees</i> .....	110
§ 210. Volstreckte oortreffende trap .....	110
§ 211. Bnw. sonder trappe v. vergelyking.	111
§ 212. <b>Tabellariese oorsig oor die Woordbui-</b> <b>ging</b> .....	111—112

## VIERDE HOOFSTUK.

### WOORDVORMING.

§ 213. Definisie .....	113
§ 214. Woordsoorte volgens hulle vorming .....	113
§ 215. Stamwoorde .....	113
§ 216. Afgeleide woorde .....	114
§ 217. Voor- en agtervoegsels .....	114
§ 218. Samegestelde woorde .....	114
§ 219. Samestelling deur afleiding .....	114
§ 220—234. <b>Vorming van Selfst. Naamwoorde</b> .	115—121
§ 220. Regstreeks afgeleide Snw. ....	115
§ 221. Afleiding v. Snw. deur voorvoegsels	115
§ 222—228. Afleiding v. Snw. deur agtervoegsels	115—118

	Bis.
§ 222. Agtervoegsels vir mnl. persoonsname	115
§ 223.       "       "       vrl.       "	116
§ 224.       "       "       gemsl.       "	116
§ 225.       "       "       name v. dinge ...	117
§ 226.       "       "       versamelname ...	117
§ 227.       "       "       verkleinwoorde ..	117
§ 228.       "       "       abstrakte Snw... ..	118
§ 229—231. Besonderhede .....	118—120
§ 232. Regstreekse samestelling van Snw..	120
§ 233. Samestelling van Snw. deur afleiding	120
§ 234. Enkele besonder samegestelde Snw.	121
§ 235—238. <b>Vorming van Werkwoorde</b> .....	121—124
§ 235. Regstreekse afleiding van Ww. ...	121
§ 236. Afleiding van Ww. deur agtervoegsels	122
§ 237. Afleiding van Ww. deur voorvoegsels	122
§ 238. Regstreekse samestelling van Ww.	124
§ 239—243. <b>Vorming van Byvoegl. woorde</b> ...	124—127
§ 239. Regstreekse afleiding van Bvgl. w..	124
§ 240. Afleid. v. Bvgl. w. deur agtervoegsels	124
§ 241. Afleid. v. Bvgl. w. deur voorvoegsels	126
§ 242. Regstreekse samestelling v. Bvgl. w.	126
§ 243. Samestelling van Bvgl. w. deur af- leiding .....	127
§ 244. <b>Vorming van Voornaamw</b> .....	127
§ 245—246. <b>Vorming van Bywoorde</b> .....	128
§ 245. Afleiding van Bywoorde .....	128
§ 246. Samestelling van Bywoorde .....	128
§ 247. <b>Vorming van Voorsetsels</b> .....	129
§ 248. <b>Vorming van Voegwoorde</b> .....	129
§ 249. Verborge samestellings en afleidings .....	129
§ 250. Opmerkings oor afgel. en samegest. woorde.	130
§ 251. Grammatiese figure .....	131
§ 252. <b>Tabellariese oorsig van die Woordvorming.</b>	133

## VYFDE HOOFSTUK.

### SPELLING.

§ 253—258. <b>Letters en hulle soorte</b> .....	134—136
§ 253. Die alfabet .....	134

	Bl.
§ 254. Die Afrikaanse lettertekens . . . . .	134
§ 255. Klinkers en medeklinkers . . . . .	134
§ 256. Enkelvoudige klinkers en tweeklanke . . . . .	135
§ 257. Die medeklinkers . . . . .	135
§ 258. Gebrekkigheid en oortalligheid v. d. alfabet . . . . .	136
§ 259. Verdeling van woorde in lettergrepe . . . . .	136
§ 260—263. <b>Hoofreëls vir die keus van die letters</b> . . . . .	137—139
§ 260. Die drie hoofreëls . . . . .	137
§ 261. Die reël v. d. uitspraak . . . . .	137
§ 262. „ „ „ „ gelykvormigheid . . . . .	137
§ 263. „ „ „ „ woordvorming . . . . .	139
§ 264—269. <b>Reëls vir die klinkletters</b> . . . . .	139—143
§ 264. Oop en geslote lettergrepe . . . . .	139
§ 265. Enkelde klinkletters i. p. v. dubbeles . . . . .	140
§ 266. <i>ei</i> en <i>y</i> . . . . .	141
§ 267. Homonieme . . . . .	141
§ 268. Die kappie of sirkumfleks . . . . .	142
§ 269. Die deelteken . . . . .	142
§ 270—273. <b>Reëls vir die medeklinkers</b> . . . . .	143—144
§ 270. Geen verdubbeling op die end van 'n lettergreep . . . . .	143
§ 271. Stempl. medekl. op die end v. 'n woord . . . . .	143
§ 272. Reël vir <i>d</i> en <i>t</i> , <i>b</i> en <i>p</i> . . . . .	143
§ 273. Verdubbeling v. 'n medeklinker . . . . .	144
§ 274. Hoofletters . . . . .	144
§ 275—288. Leestekens . . . . .	145—148

## SESDE HOOFSTUK.

### VERSBOU.

§ 289. Poësie; trope; retoriese figure . . . . .	149
§ 290—294. <b>Maat</b> . . . . .	149—150
§ 290. Versvoete . . . . .	149
§ 291. Versvoete van twee lettergrepe . . . . .	150
§ 292. Versvoete van drie lettergrepe . . . . .	150
§ 293. Spondeë . . . . .	150
§ 294. Onvolledige en oortallige reëls . . . . .	150
§ 295—300. Skandéring . . . . .	151—155



## INLEIDING.

§ 1. **Taal is die middel waardeur ons ons gedagtes uitdruk.** Dit kan op verskillende maniere gebeur, b.v. deur *gebare*, deur mekaar *tekens* te gee, deur die manier waarop ons mekaar *aanky*, ens.; en so kan ons *gebaretaal*, *tekentaal*, *oëtaal*, ens. onderskei. Maar gewoonlik, as ons van taal praat, bedoel ons die hoorbare mededeling van ons gedagtes deur middel van *geluide met bepaalde betekenis*. Beskaafde nasies verstaan bowendien nog die kuns om hierdie geluide deur sigbare tekens aan te dui, sodat dit nie nodig is om die klanke werklik te laat hoor nie. Dit is die *skryfkuns*. En terwyl by die skrywe partykeer woorde en uitdrukkings gebruik word wat in die gesproke taal minder gewoon is, word daar soms gepraat van *spreektaal* en *skryftaal*.

§ 2. Byna elke nasie het sy eie stelsel van geluide, en sy eie manier om daardie geluide tot uitdrukking van gedagtes te gebruik; m.a.w.

„'n Ieder nasie het sy taal”.

Die klanke van 'n taal noem ons sy *klankstelsel*. 'n Klankverbinding wat 'n bepaalde betekenis het, noem ons 'n *woord*; en al die woorde wat in 'n taal gebruik word, saamgeneem, vorm sy *woordeskat*; terwyl die eienaardige manier waarop gedagtes deur middel van die woorde in 'n bepaalde taal uitgedruk word, die *idioom* van so 'n taal uitmaak.

§ 3. Die Afrikaanse taal is die taal van die oudste blanke bevolking van Suid-Afrika. Dit stam af van die spreektaal wat in die 17de eeu deur die Hollandse koloniste in ons land gebring is. Die Afrikaanse klankstelsel verskil in party opsigte van die teenswoordige Nederlands;

meer as 95 persent van die *woordeskat* is Nederlands; maar deur die afsondering van die moederland, en veral deur die inwerking van ander tale waarmee die Afrikaners in aanraking gekom het, het die *woordbuiging* so afgeslyt, en die *idioom* so verander, dat Afrikaans vandag as 'n aparte taal beskou word, al is hy ook baie verwant aan Nederlands.

§ 4. 'n Sin is 'n gedagte in woorde uitgedruk. In die studie van die taal behoort ons dus die *woorde* en die *sin* apart te beskou. Maar die woorde ondergaan dikwels veranderings om hulle betekenis in een of ander opsig te wysig; dit noem ons *buiging*. Ook word partykeer van een of twee woorde 'n nuwe woord gemaak; ons noem dit *woordvorming*. As ons woorde skryf, gebruik ons sekere tekens om die klanke van die woord aan te dui; hierdie tekens noem ons *letters*, en die regte gebruik daarvan word *spelling* genoem. Ons sal in hierdie boek dus oor die volgende onderdele van die taalkennis handel:

1. die *woordsorte* of *rededele*;
2. die *sin*;
3. die *woordbuiging*;
4. die *woordvorming*;
5. die *spelling*.

Hieraan sal ons nog

6. die *versbou*

toevoeg, d. i. die besonder manier waarop digters die taal gebruik, en in verband daarmee ook iets sê oor *beeldspraak* en *retoriese figure*.

---